



SAOG MEDIA TOEKENNINGS KOMPETISIE – 2009



Oproep om inskrywings

Het jy bygedra tot die bou van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)? Suid-Afrikaanse joernaliste wat verlede jaar SAOG-vraagstukke gewerk het word uitgenooi om hulle berigte in te skryf vir die 2009 SAOG Media Toekennings Kompetisie.

Inskrywings kan in die volgende kategorieë ingedien word:

- Joernalistiek in gedrukte media: bestaan uit artikels/berigte gepubliseer in koerante en tydskrifte en op webtuistes
- Radio-joernalistiek: bestaan uit uitsaaimateriaal
- Televisie-joernalistiek: bestaan uit gebeeldsaide materiaal
- Foto-joernalistiek: bestaan uit gepubliseerde fotos met 'n onderskrif of teks.

Reëls van die kompetisie

- Alle joernaliste en mediapraktisyns wat Suid-Afrikaanse burgers is mag deelneem, behalwe instellings of organisasies verbonde aan die SAOG en personeel van die SAOG Sekretariaat.
- Insrywings moes gepubliseer/uitgesaai gewees het tussen Januarie en Desember 2008 deur 'n erkende media-agentskap in Suid-Afrika.
- Die temas van die inskrywings vir die jaar se kompetisie moet verband hou met vraagstukke en aktiwiteite wat die volgende bevorder:

(i) streeksintegrasie in die SAOG streek

(ii) geïntegreerde water-hulpbron bestuur in die SAOG streek.

- Alle werk wat ingedien word moet in een van die SAOG werkstale wees, d.w.s. Engels, Portugees en Frans, sowel as in die formaat waarin hulle gepubliseer/uitgesaai is (koerante en tydskrifte knipsels, webtuiste adresse, audio- of videokassette vergesel deur afskrifte in enige van die SAOG tale).

Geskrewe joernalistiekvoorleggings moet bestaan uit 'n minimum van 600 woorde en 'n maksimum van 2 000 woorde. Uitsaaimateriaal moenie 30 minute oorskry nie.

- Die prysgeld van US\$2 000 sal toegeken word aan die wenner in elke inskrywingskategorie.
- Die Nasionale Beoordelingskomitee sal die beste inskrywing in elkeen van die vier kategorieë kies en dit aan die Streeksbeoordelingskomitee (bestaande uit voorsitters van die nasionale beoordelingskomitees) voorlê wat die beste inskrywing in elke kategorie in die SAOG streek sal aanwys.
- Die Streeksbeoordelingskomitee behou die reg om nie pryse toe te ken wanneer voorgelegde werke nie aan die vereistes van die kompetisie of beoordeling voldoen nie.

Alle inskrywings moet die volledige kontakligting van die joernalis insluit, sowel as 'n paspoort-grootte foto, straatadres, telefoon, en waar nodig, 'n faksnommer en e-pos adres.

Die sluitingsdatum vir inskrywings, wat by die Nasionale Beoordelingskomitee ingedien moet word, is **31 Maart 2009**.

Inskrywings kan gepos word aan. Mr Fikile Ntsikelelo Moya, Voorsitter: Nasionale Beoordelingskomitee, p/a Loretta Ndlovu, PO Box 6663, Johannesburg, 2000

Government Communications (GCIS) is Suid-Afrika se koördineringspunt vir die SAOG Media Toekennings. Inskryfvorms en die reëls van die kompetisie is verkrygbaar by www.gcis.gov.za.

Vir meer inligting, skakel: 011 471 4034/4035.